**MOSSEL BAY MUNICIPALITY**
**MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT**
**UMASIPALA MOSSEL BAYI**

In antwoord verwys na nommer
In reply quote number
Xa Uphendula chaza Le Nombolo

5/3/1/1/M Vosloo/H Dauth

18 April 2012

HEIL DIE LESER

## UITKLARINGS PROSEDURES: MUNISIPALE VOORWAARDES

**A. VERKOPER:**

A.1 Die verkoper moet die prokureurs verwittig wat hul dienste meterbesonderhede is en/of 'n afskrif van die dienste rekening aan die prokureurs oorhandig. Die meterbesonderhede en/of afskrif van die munisipale rekeningstaat moet die Aansoek om Uitklaring vergesel. Dit sal die reaksie periode om uitklaringsyfers te bereken bespoedig.

A.2 Oorhandig asb die aansoek om kansellasie van dienste aan Verkoper. Hulle moet dit voltooi en deurstuur aan admin@mosselbay.gov.za of per faks aan 044 606 5062.

A.3 Afsluitingsvorms vir dienste sal beskikbaar wees op webtuiste.

**B. UITKLARINGSAANSOEKE:**

B.1 Aansoeke sal verwerp word, sonder vooraf kennisgewing, indien:

- B.1.1 Onvolledige posadresse of telefoonnommers ontvang word vir Koper, of
- B.1.2 Prokureurs se kontakbesonderhede en posadres gebruik is vir die Koper, of
- B.1.3 Geen e-pos besonderhede verskaf is vir 'n buitelandse Koper, of
- B.1.4 Die eiendom se liggingsadres verskaf is as Koper se posadres en geen posaflewering is beskikbaar in die area nie, of
- B.1.5 Onvolledige partybesonderhede ontvang word vir Verkoper of Koper.

B.2 Indien die titels van die partye foutief ontvang word op die aansoek, synde "Adv" sal die uitklaring uitgereik word soos uiteengesit op die aansoek.

B.3 Plase se eiendomsomskrywings moet korrek ontvang word per aansoek. Skakel asseblief met Korbitec om die korrekte invoer van die omskrywings te verkry.

B.4 Uitsluitlike gebruiksgebiede van deeltitels moet korrek omskryf word per aansoek.

B.5 Wanneer 'n uitsluitlike gebruiksgebied gekoppel is aan 'n eenheid moet prokureur dit so aandui op hul oorspronklike aansoek. Geen wysiging sal aangebring word op die uitklaringsertifikaat nie. 'n Nuwe aansoek vir die uitsluitlike gebruiksgebied moet ingedien word.

B.6 Geen wysigings, op elektroniese aansoeke, sal aangebring word deur die Munisipaltieit nie. Verwys asb na die "correction" opsie wat beskikbaar is of skakel die "Call Centre".

B.7 Prokureurs is verantwoordelik vir nasiening van die aansoek om uitklaringsvorms.

B.8 Alle kapitaalbydraes (enkeltitel en/of deeltitel) sal betaalbaar wees met uitklaring van die nuwe erfnommer en/of deeltiteleenhede!

B.9 Enige navrae rakende uitklarings, skakel asseblief die "Call Centre" by 0861 567 248 en nie die Munisipaliteit nie.

B.10 Geen telefoniese navrae omtrent uitklarings sal meer hanteer word nie.

B.11 Dienste rekeninge sal voortaan 3 maande vooruit geskat en bygevoeg word by uitklaringsyfers. Dit geld vir besigheidskomplekse en residensiële eiendomme.

B.12 Indien daar by deeltitel eenhede agterstallige balanse op die regspersoon of ontwikkelaar gevind word met uitklaring, kan dit moontlik die transaksie vertraag met tot 30 dae.

B.13 Pro-rata belasting terugbetalings word deur die prokureurs bereken en inskrywings hiervan moet getoon word op u afrekeningstate.

B.14 Indien 'n uitklaring verval kan prokureurs 'n "extention request" indien. (Al die data van die aansoek sal dan oorgetrek word, sonder om alles van voor af op te stel.)

Marshstraat 101
Privaatsak X29
Mosselbaai
6500

101 Marsh Street
Private Bag X29
Mossel Bay
6500

101 Marsh Sitalato
Ingxowa Yeposi Ngu X29
Mossel Bayi
6500

Tel, Imfonomfono: +27 (44) 606 5000
Fax, Ifeksi: +27 (44) 606 5062
e-mail: admin@mosselbaymun.co.za
web: www.mosselbaymun.co.za

MOSSEL BAY 1488 · 1488 MOSSELBAAI

B.15 Die Munisipaliteit het 3 dae om syfers te bereken op elektroniese aansoeke!

B.16 Indien geen betalingsadvies/"cost paid message" ontvang is na 35 dae vanaf syfers nie, kan die aansoek outomaties onttrek word deur die Munisipaliteit.

B.17 Die Munisipaliteit het 3 dae nadat die "cost paid message" ontvang is en:

B.17.1 Die betalings aangetoon word op ons rekords, en

B.17.2 Dienste rekeninge vereffen is, en

B.17.3 Indien geen joernale voltooi moet word om Uitklaring uit te reik nie.

**C. BETALINGS:**

C.1 Indien betalings per joernaal reg gestel moet word:

C.1.1 moet die nodige bewys van betalings aangeheg wees om die proses te bespoedig.

C.1.2 Indien nie, kan dit die uitreikiing van uitklarings vertraag met tot 30 dae.

C.2 As geen betalingsadvies/"cost paid message" ontvang word nie, kan geen uitklaring uitgereik word nie.

C.3 Geen belastings of dienste moet inbetaal word op die uitklaringsertifikaat verwysingsnommer nie!

C.4 Betalings moet asb gedoen word soos uiteengesit op die "attorney's report", elke betaling met sy eie verwysing.

C.5 Geen kontant/tjek betalings sal aanvaar word sonder die "attorney's report" betalingsadvies nie. Die prokureurs moet die verslag toon aan die kassiere indien betalings direk by die Munisipaliteit behartig word.

**D. KOPER:**

D.1 Die Koper moet so gou doenlik na registrasie aansoek doen om die dienste oor te plaas in sy naam.

D.2 Die Munisipaliteit sal dit waardeer indien u op datum van registrasie skriftelik die koper sal versoek om ons te skakel. Kontak persoon Me E Gordon, tel nr 044 606 5053, faks 044 606 5062.

Die uwe

**HOOF FINANSIëLE BEAMPTE**
/hdauth